

Wanneer is selfmeng 'n realistiese alternatief?

Die besluit om self rantsoene vir jou melkkoeie te meng, moet volgens dr Hinner Köster, baie versigtig geneem word. Daar is 'n reeks faktore wat in gedagte gehou moet word as die boer, wanneer hy self meng, nie agtergelaat wil word nie.

"Daar is soveel tegnologiese vordering in die voerbedryf dat boere wat self hulle totale rantsoene meng baie maklik in effek hulle self in die voet skiet omdat hulle nie met hierdie ontwikkelings kan bybly nie. Die besluit om self te meng moet dus gebaseer word op volledige berekenings van al jou kostes wat gaan bykom teenoor dit wat jy addisioneel by die veevoermaatskappy sou betaal indien gelyke melkprestasies behaal wil word."

Hierdie kostes, sê hy, begin by 'n baie goeie konsultant wat jou 'n minimum van R8 000 per konsultasie per dag kan kos. Veevoermaatskappye beskik vandag oor die beste tegniese personeel wat beskikbaar is. Verder het hulle tegnologiese ooreenkomste met internasionale maatskappye waar hulle daaglik toegang tot die nuuste inligting het. Veevoermaatskappye stuur ook hulle personeel onder andere na internasionale simposia en ander geleenthede regoor die wêreld omdat hulle weet dat sonder blootstelling aan die nuutste inligting hulle nie kompetend sal kan bly nie. As jy dus selfmeng oorweeg sal jy, volgens Hinner, die beste beskikbare konsultant of kundige organisasie by jou voersamestelling betrokke moet kry indien jy wel die prestasies wil behaal wat jy met dinamiese veevoermaatskappye se voere sou bereik.

Grondstofverkryging is die volgende faktor wat in aanmerking geneem moet word. Die implikasie is dat goeie aankope van al jou grondstowwe heelwat tyd gaan neem en dat jy elke besending wat by jou afgelaai word sal moet ontleed vir kwaliteit en samestelling. Doen jy dit nie kan jy nie jou rantsoen akkuraat en optimaal saamstel nie, wat jou indirek baie geld sal kos. Die ontledingskoste hieraan verbode is niks minder as R1500 per vrag nie, aangesien 'n volledige stel nutriënte wat werklik 'n verskil aan die melkprestasie parameters maak, voor ontleed moet word.

Nog 'n uiters belangrike punt om te onthou, sê Hinner, is die feit dat jy as individu min bedingingsmag vir goeie pryse het, wat beteken dat jy nie vir afslagte sal kan beding soos byvoorbeeld groter kopers van grondstowwe nie. Verder is die finansieringskoste van jou voorraad ook nog 'n koste wat in berekening gebring moet word. Al hierdie kostes kom uiteindelik maklik op 'n addisionele R150 per ton, of selfs meer, neer. Dit is kostes wat jy as individu meer betaal as die groot spelers in die mark. Hiermee saam moet jy bereken dat jy die risiko alleen dra, sou iets dalk verkeerd gaan met die grondstowwe se kwaliteit en jy produksieverliese ly.

"Teen byvoorbeeld 'n gemiddelde koei-eenheid van 130 koeie, met 'n gemiddelde melkproduksie van 25 liter per dag, is die totale melkproduksie per dag 3 250 liter. Die konsentraat inname is sowat 12 kg per koei per dag terwyl die totale voerinname (soos gevoer, indien kuilvoer gebruik word) ongeveer 27 kg per dag is. Voerkoste werk tans tipies op ongeveer R1,20 per liter melk uit teen sowat 1,08 kg voer per liter melk. Waarop dit neerkom is, dat, indien die boer self meng, hy sowat 18 sent per liter meer gaan betaal as jy al bogenoemde ekstra kostes rondom vermenging sou inreken, wat insluit addisionele arbeid, grondstofkoste, ontledingskoste en konsultasie, en afbetaling en waardevermindering op ekstra grondstofsilo's en hammermeule. Teen 25 liter per dag is dit 'n addisionele R4,50/koei, of sowat 16,4 sent per kilogram totale voer op 'n 27 kg inname. Dit kom neer op R164 per ton volledige voer, waarvan sowat 45% konsentraat is." Kortliks kom dit daarop neer, verduidelik Hinner, dat die boer, om gelyk te breek, vir 'n

kragvoerkonsentraat dus R360 (164/0.45) per ton meer by 'n voermaatskappy kan betaal as vir sy eie rantsoen. In 'n scenario waar die koei-eenheid egter baie groter is en die koeie beter produksies per dag gee, verander die situasie natuurlik heelwat deurdat die vaste koste per koei of per liter melk drasties daal. In elke situasie moet die berekening dus apart gedoen word.

"Een van die hulpmiddels wat wel vir boere beskikbaar is, is om koopgroepe te stig en as groep vir baie groter volumes grondstowwe te beding. Dit kan grondstofkoste beduidend afdwing. Aan die ander kant sal dit ook moontlik wees om met groot sukses deur koopgroepe met veevoermaatskappye te onderhandel vir beduidende kortings op hulle klaargemengde rantsoene."

Afgesien van wat ookal die boer se besluit is ten opsigte van selfmeng of nie, beklemtoon Hinner egter, is die kwessie van ruvoerkwaliteit ononderhandelbaar.

"Ruvoer kan maklik twee tot drie liter ekstra beteken as die boer aan die kwaliteit daarvan aandag skenk. Dit is krities dat jy weet watter kwaliteit ruvoer jy het en dat jy verstaan wat die komponente in die ruvoer is wat tot verbeterde prestasie kan lei. Hier is faktore soos snystadium, die betrokke kultivar en die manier van bewerking en opgaar krities. Dit kan die nodigheid vir duurder konsentrete beduidend verminder, wat 'n groot effek op finale voerkoste sal hê."

Hinner wys daarop dat daar wel vandag tegnologie beskikbaar is in organisasies wat in die vorm van pakkette aan boere beskikbaar gestel word. So 'n tegnologiepakket sluit dan kritiese dienste in wat 'n spesifieke boer benodig, en sluit veral die ondersteunende rol van konsultasie en ontledings in. "Daar is boere vir wie selfmeng 'n aantreklike opsie is en wat reeds daarvoor ingerig is. So 'n tegnologiepakket, wat presies volgens sy individuele behoeftes saamgestel is, kan 'n beduidende verskil aan sy winsmarges beteken, en moet dus sterk oorweeg word."